85 JAAR
1938 - 2023

Pretorium Trust
(Koöperatief) Beperk - (Co-operative) Limited

# 2023
# Jaarverslag





Ingersolweg 40, Lynnwood Glen, 0081 | Posbus 35797, Menlo Park, 0102

T: 012 361 5526 | E: pretorium@pretorium.co.za

www.bonuscard.co.za



Pretorium Trust (Koöperatief) Beperk is 'n Gemagtigde Finansiëledienste-verskaffer
(Lisensienr 2753) en Geregistreerde Kredietverskaffer (NCRCP 228).

PRETORIUM TRUST

## KENNISGEWING VAN JAARLIKSE ALGEMENE VERGADERING

Die vyf-en-sewentigste Jaarlikse Algemene Vergadering van Lede van die Koöperasie word op Maandag, 13 November 2023, om 17:00, gehou te Pretorium Gebou, Ingersolweg 40, Lynnwood Glen.

**SAKELYS**

1. Kennisgewing van die vergadering.

2. Bekragtiging van Notule van Jaarlikse Algemene Vergadering van Lede gehou op 14 November 2022.

3. Voorsittersrede.

4. Voorlegging en bekragtiging van die volgende:

   4.1 Verslag van die voorsitter.

   4.2 Verslag van die Raad van Direkteure.

   4.3 Staat van Omvattende Inkomste, Staat van Finansiële Posisie en Ouditeursverslag.

5. Bekragtiging van aanstelling en vergoeding van Ouditeur.

6. Spesiale besluite:

   Die uitsetting van lede kragtens Artikel 17(1) van die Konstitusie van die Koöperasie.

7. Verkiesing van direkteure.

8. Algemeen.

In opdrag van die Raad van Direkteure.

**MEV M J JORDAAN** **5 OKTOBER 2023**
**HOOF UITVOERENDE BEAMPTE** **PRETORIA**

**Raad van Direkteure:** K L Craemer - Voorsitter;
J A van Zyl - Ondervoorsitter; H J Kleynhans,
C P J Pienaar en Mev Z R P Matsau .
**Bestuur:** Mev M J Jordaan - Hoof Uitvoerende Beampte.

## VOORSITTERSVERSLAG

Geagte Lede,

Dit is vir my `n voorreg om in die 85ste bestaansjaar namens die Raad van Direkteure verslag te doen oor die werksaamhede van Pretorium Trust gedurende die finansiële jaar wat op 15 September 2023 geëindig het.

Die afgelope finansiële jaar sal onthou word vir beurtkrag, swak dienslewering, werkloosheid, stygende inflasie en rentekoerse wat 'n beduidende invloed op die ekonomie en verbruikers gehad het. Daarmee saam het die Rusland-Oekraïne konflik wat steeds woed asook uiterste natuurverskynsels oor die wêreld heen, 'n verdere impak op die wêreldekonomie gehad.

Vir huishoudings in Suid-Afrika lyk die prentjie nie rooskleurig nie. Hoë inflasiekoerse beteken in reële terme minder koopkrag wat weer 'n invloed het op fondse wat beskikbaar is vir alledaagse huishoudelike besteding.

### WERKSAAMHEDE VAN DIE KOöPERASIE

Pretorium Trust se omset het die afgelope finansiële jaar gering gestyg met 2,12% tot R1,290 miljard teenoor die vorige finansiële jaar, wat hoofsaaklik aan die hoër inflasiekoers toegeskryf kan word. Die netto wins het egter met 10,65% toegeneem.

Die netto wins wat vir verdeling beskikbaar is, bedra R46,881 miljoen, wat 'n groot bydra lewer tot lede se bestedingsvermoë gedurende die feestyd.

Die toename in die finansieringsportefeulje toon dat dit steeds 'n baie gewilde fasiliteit is vir ons lede. Die bedrag belê in die afbetalingsverkoopooreenkomste het toegeneem van R116,939 miljoen na R120,108 miljoen hierdie finansiële jaar. Hierdeur is daar weereens optimaal gebruik gemaak van die Koöperasie se ledefondse en het dit gelei tot beter winsgewendheid. Afbetalingsverkoopooreenkomste word aan lede gebied teen gunstige, vaste rentekoerse en met geen aanvangs- of administratiewe fooie nie.

As geregistreerde Gemagtigde Finansiële Dienste-verskaffer bied Pretorium Trust steeds korttermynversekeringsdienste aan lede en ontvang lede persoonlike en kundige diens.

Hierdie versekeringsfasiliteite bied persoonlike- sowel as kommersiële vesekering aan lede en die versekeringspremies kwalifiseer ook vir die jaarlikse bonus.

Kommissie verdien op korttermynversekeringspremies het R15,396 miljoen bedra. Hierdie inkomste wat Pretorium Trust as 'n tussenganger verdien, bedra 21,26% van die totale inkomste. Dit is 'n belangrike inkomstebron wat wesenlik bydra tot 'n hoër bonuspersentasie op lede-aankope en versekeringspremies. (Sien grafiek 2)

Premies ten bedrae van R90,664 miljoen (BTW ingesluit) ten opsigte van persoonlike-, sowel as kommersiële versekering, is namens Santam Beperk van lede gevorder teenoor R51,646 miljoen wat aan eise uitbetaal is.

Mediese “gap cover”, onderskryf deur Stratum, word aan lede gebied en hierdie premies kwalifiseer ook vir die jaarlikse bonus en die Koöperasie se kommissie-inkomste word aangevul met die kommissie ontvang van Stratum.

Assupol bied ook eksklusiewe voordele vir Pretorium Trust lede in die vorm van 'n begrafnisplan en beskermingsplan.

## FINANSIEëLE RESULTATE

Die inkomste van handelskorting ontvang van leweransiers op lede-aankope is steeds die Koöperasie se hoof-inkomstebron en het vanjaar R30,162 miljoen bedra teenoor R29,830 miljoen verlede jaar. Ten spyte van hierdie verhoging verteenwoordig handelskorting 41,65% vergeleke met die 44,71% van totale inkomste verlede jaar en is alternatiewe inkomstebronne weereens optimaal aangewend om die maksimum moontlike bonus te kan verklaar. Dit stel die Koöperasie gevolglik in staat om vanjaar 'n eenvormige bonusverklaring van 4,042% op alle aankope (brandstof uitgesluit) en korttermynversekerings- en “gap cover”- premies aan lede vir oorweging voor te lê.

Die prima rentekoers het 'n groot impak op rente-inkomste en die afgelope verhogings in die repo koers het dit moontlik gemaak dat rente-inkomste wat die vorige finansiële jaar 24,19% van totale inkomste uitgemaak het vanjaar 29,44% beloop. (Sien grafiek 2)


Slegte skulde afgeskryf het R500 142 bedra en verteenwoordig 0,023% van ledebesigheid wat ietwat hoër is as die vorige jaar. Hierdie uiters bevredigende resultate is te danke aan doeltreffende kredietkeuring en beheer, asook lede se dissipline en vermoë om hul kredietaankope oordeelkundig te bestuur ten spyte van die moeilike ekonomiese toestande en die kredietbeheermaatreëls wat in terme van die Nasionale Kredietwet gehandhaaf moet word.

64,91% van die bruto inkomste, na aftrekking van uitgawes, is vir verdeling beskikbaar, vergeleke met 63,72% verlede jaar. Dit word in monetêre waarde in Grafiek 1 geïllustreer.


## SOSIALE KOöPERATIEWE VERANTWOORDELIKHEID

Sosiale koöperatiewe verantwoordelikheid is 'n fundamentele deel van die bedryf van besigheid. Pretorium Trust is dus ten volle verbind tot sy koöperatiewe sosiale verantwoordelikheid teenoor al sy lede, sakevennote, werknemers en die algemene gemeenskap. 'n Omvattende Sosiale Verslag is saam met die geouditeerde finansiële state beskikbaar. Benewens die verwagte nakoming van wetgewing en regulasies, glo Pretorium Trust dat die stel van die hoogste standaarde in terme van etiek, besigheidsintegriteit en volhoubaarheid sy verantwoordelikheid is.

## GRAFIEKE




Grafiek 1




Grafiek 2

Bedrae verskuldig as gevolg van aankope by ‘n leweransier is as sekuriteit aan daardie leweransier gesedeer.

## JAARLIKSE BONUS

'n Bedrag van R46 881 129 is vanjaar vir verdeling beskikbaar, vergeleke met R42 368 480 die vorige jaar. Die Raad van Direkteure beveel aan **dat 'n eenvormige bonus van 4,042% op aankope, korttermynversekeringspremies en “Gap Cover”-premies aan lede verklaar word**, waarvan **3,80%** in kontant betaal word en die balans na die Ledebelangefonds oorgeplaas word vir toekomstige betaling. Die bonusverklaring vir die vorige finansiële jaar het 3,709 % bedra, waarvan 3,55 % in kontant aan lede uitbetaal is.

Lede se November 2023-rekeninge sal met die bedrae van hulle bonusse gekrediteer word.

'n Vergelyking tussen bruto inkomste en die bedrag wat vir verdeling beskikbaar is, word in Grafiek 1 weerspieël.
Ten spyte van verskeie reklamemetodes, bly u as lede steeds ons beste bron van publisiteit en bemarking. Hou asseblief in gedagte dat:

- as 'n koöperasie word die netto wins van Pretorium Trust op 'n transaksiegrondslag tussen lede verdeel.
- alle transaksies waarop 'n handelskorting ontvang word, asook korttermynversekeringspremies en mediese “gap cover”–premies vir 'n **eenvormige bonus** kwalifiseer; en
- BTW as deel van die aankope deur lede beskou word en die bonus ook daarop bereken word.
- Werwingkommissie word steeds aan lede betaal vir elke nuwe lid suksesvol gewerf.

## FINANSIëLE TOESTAND

**RESERWES – R19 203 914**

- **ALGEMENE RESERWE – R16 138 865**
  Verbeurdverklaarde Bonusse, onopgeëiste Vooruitbetalings- en Ledebelangefonds sowel as Lidmaatskapfooie ten bedrae van R382 185 is vanjaar na die Algemene Reserwe oorgeplaas.

- **NIE-VERDEELBARE RESERWE – R3 065 049**
  Die Nie-verdeelbare Reserwe is met R147 652 verminder soos voorgeskryf deur die Koöperasie Wet.

**LEDEFONDSE – R118 805 807**

- **LEDEBELANGEFONDS – R47 845 759**
  Gedurende die jaar is R1 817 385 na die Fonds oorgeplaas, terwyl dit met R2 169 240 ten opsigte van uitbetalings verminder is.

- **VOORUITBETALINGSFONDS – R62 665 412**
  Gedurende die jaar is die Fonds met R11 323 521 aangevul, terwyl terugbetalings R11 195 837 bedra het.

  Voorsiening vir die betaling van rente teen 1,5% per jaar is hiervoor in die finansiële state gemaak en lede se November 2023-rekeninge sal daarmee gekrediteer word.

- **LEDELENINGS – R8 294 636**
  Bedrae van R1 000 of meer kan teen rente deur lede aan Pretorium Trust vir 'n tydperk van minstens 12 maande geleen word.

  Gedurende die jaar is die Fonds met R1 133 925 aangevul, terwyl terugbetalings R1 159 892 bedra het.

## TOEKOMSTIGE BEPLANNING

Die oogmerk van Pretorium Trust vir 2024 is om die Koöperasie se winsgewendheid te verbeter. Dit sluit in om die huidige finansieringsportefeulje te onderhou en voordeel te trek uit die hoër rentekoerse. Die groei van die vesekeringsbedrywighede, veral die toevoeging van nuwe onderskrywers, is 'n prioriteit wat die wins kan verhoog en diens- en produkuitbreiding aan lede kan bied. Wat tegnologiese ontwikkeling betref, is Pretorium Trust reeds die afgelope jaar besig met die hersiening van die kaartsisteem om die funksionaliteit daarvan te verbeter. Daar word ook deurgaans pogings aangewend om addisionele dienste en produkte aan Pretorium Trust- lede beskikbaar te stel.

## DANKBETUIGING

Die Raad van Direkteure bedank al die lede vir hul lojale ondersteuning gedurende die afgelope jaar, waar baie druk deur ekonomiese omstandighede op die verbruiker geplaas is.

Dank en waardering word uitgespreek teenoor ons leweransiers, versekeraars en ander sakevennote vir hul volgehoue ondersteuning en samewerking.

Ons dank ook aan 'n bekwame en lojale bestuur en personeel vir hul harde werk en getroue diens aan die Koöperasie en sy lede.

Met dank
**K L CRAEMER**
**VOORSITTER: RAAD VAN DIREKTEURE**

## DIREKTEURSVERSLAG

Die Raad van Direkteure bied hul verslag aan vir die jaar geëindig 15 September 2023.

## AARD VAN BESIGHEID

Pretorium Trust se besigheid word op die volgende grondslag bedryf:

- Gesamentlike voordele word vir lede ten opsigte van die aankoop van hul huishoudelike en ander persoonlike benodigdhede beding;
- Lenings en huurkoopfinansiering word aan lede toegestaan; en
- Pretorium Trust tree op as agent van sy lede of in hul belang as tussenganger in verband met hulle versekeringsbesigheid.

Daar was nie enige verandering in die aard van die besigheid van Pretorium Trust gedurende die finansiële jaar nie.

## FINANSIëLE RESULTATE

Die Koöperasie se resultate en die stand van sake word uiteengesit in die finansiële state wat op die volgende bladsye verskyn en soos verder in die voorsittersverslag toegelig is.

## RAAD VAN DIREKTEURE

Die ampstermyne van Mev Z R P Matsau en Mnr J A van Zyl verstryk vanjaar en beide van hulle is herkiesbaar.

Nominasievorms (verkrygbaar vanaf die kantoor) vir voornemende direkteure, tesame met 'n curriculum vitae, moet minstens sewe (7) dae voor die jaarvergadering in besit van die Hoof Uitvoerende Beampte wees en moet deur 5 lede onderteken wees. Voornemende direkteure moet reeds vir 'n minimum van vyf (5) jaar lede van die Koöperasie wees.

## KORPORATIEWE BESTUUR EN GEDRAGSKODES

Die Raad van Direkteure van Pretorium Trust is verbind tot goeie korporatiewe bestuur en onderskryf die waardes en etiese gedragskodes soos aanbeveel in die beginsels van goeie bestuur vir Koöperasies en die King IV-verslag. Die Raad het 'n handves aanvaar waarin hulle pligte en verantwoordelikhede vervat is en hierdie handves is by die kantoor van die Koöperasie ter insae beskikbaar. 'n Volledige Bestuursbesluitnemingsverslag is saam met die volledige stel geouditeerde finansiële state beskikbaar.

'n Ouditkomitee wat bestaan uit twee nie-uitvoerende direkteure is verantwoordelik vir en doen verslag aan die Raad van Direkteure oor die integriteit en kwaliteit van die finansiële state, die rekeningkundige stelsels en die doeltreffendheid van interne ouditkontroles. Die Ouditkomitee het hulle ook vergewis van die kwalifikasies en onafhanklikheid van die eksterne ouditeure.

## AKTIWITEITE NA AFSLUITING VAN DIE FINANSIëLE JAAR

Geen wesentlike feite het aan die lig gekom of omstandighede wat van belang is vir die beoordeling van die Koöperasie se stand van sake, het tussen 15 September 2023 en die datum van hierdie verslag plaasgevind nie.

• THIS REPORT IS ALSO AVAILABLE IN ENGLISH

**PRETORIUM TRUST (KOöPERATIEF) BEPERK**

**STAAT VAN FINANSIëLE POSISIE**
**OP 15 SEPTEMBER 2023**

| | 2023<br>R | | 2022<br>R | |
|---|---|---|---|---|
| **BATES** | | | | |
| **NIE-BEDRYFSBATES** | 115 213 790 | | 102 561 370 | |
| Vaste eiendom met verbeteringe teen boekwaarde | 11 376 638 | | 11 376 638 | |
| - Erf 88 Lynnwood Glen, Pretoria | | | | |
| Ander vaste bates | 437 588 | | 493 899 | |
| Kosprys | | 1 940 910 | | 1 778 721 |
| Min: Opgehoopte depresiasie | | (1 503 322) | | (1 284 822) |
| Verskuldig deur lede – langtermyn | 101 035 009 | | 88 206 919 | |
| Afbetalingsverkoopooreenkomste | | 97 880 672 | | 85 071 615 |
| Lenings aan lede | | 3 154 337 | | 3 135 304 |
| Verbandlenings – Personeelbehuisingslenings | 2 364 555 | | 2 483 914 | |
| | | | | |
| **BEDRYFSBATES** | 214 841 313 | | 219 175 863 | |
| Verskuldig deur lede – korttermyn | 27 548 034 | | 36 066 380 | |
| Afbetalingsverkoopooreenkomste | | 22 227 797 | | 31 868 010 |
| Lenings aan lede | | 2 374 367 | | 1 524 578 |
| Ope rekeninge | | 3 069 388 | | 2 801 641 |
| Voorsiening vir twyfelagtige skuld | | (123 518) | | (127 849) |
| Diverse debiteure | 3 763 097 | | 3 780 366 | |
| Verhaalbaar van leweransiers | 2 406 426 | | 2 404 979 | |
| Vooruitbetaalde uitgawes | 237 235 | | 176 097 | |
| Kontant en kontantekwivalente | 180 874 474 | | 176 748 041 | |
| Inkomstebelasting | 12 047 | | - | |
| | | | | |
| **TOTALE BATES** | **330 055 103** | | **321 737 233** | |
| | | | | |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | | |
| **LEDEBELANG EN RESERWES** | 66 194 457 | | 61 300 975 | |
| Lidmaatskapfonds | 109 414 | | 110 766 | |
| Verdeelbare reserwes – algemene reserwes | 16 138 865 | | 15 609 028 | |
| Onverdeelde wins | 46 881 129 | | 42 368 480 | |
| Nie-verdeelbare reserwes | 3 065 049 | | 3 212 701 | |
| | | | | |
| **LASTE** | 263 860 646 | | 260 436 258 | |
| **NIE-BEDRYFSLASTE** | 115 101 171 | | 115 560 483 | |
| Vooruitbetalingsfonds | | 62 665 412 | | 62 537 728 |
| Ledebelangefonds | | 47 845 759 | | 48 197 614 |
| Aftreevoordeelverpligting | | 4 590 000 | | 4 825 141 |
| | | | | |
| **BEDRYFSLASTE** | 148 759 475 | | 144 875 775 | |
| Inkomstebelasting | | - | | 62 600 |
| Krediteure | | 138 736 499 | | 134 950 248 |
| Voorsienings | | 1 728 340 | | 1 542 325 |
| Ledelenings | | 8 294 636 | | 8 320 602 |
| | | | | |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | **330 055 103** | | **321 737 233** | |

**Geteken namens die Raad van Direkteure:**
K.L. Craemer (Voorsitter), H.J. Kleynhans, Z.R.P. Matsau, C.P.J. Pienaar, J.A. Van Zyl.
Indien u 'n stel volledige finansiële state verlang, is dit op aanvraag by die Hoof Uitvoerende Beampte beskikbaar.

## PRETORIUM TRUST (KOöPERATIEF) BEPERK
## STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE
## VIR DIE JAAR GEëINDIG 15 SEPTEMBER 2023

| | 2023<br>R | 2022<br>R |
|---|---|---|
| **LEDE BESIGHEID** | 1 290 087 316 | 1 263 200 790 |
| **HANDELSKORTINGS, KOMMISSIEGELDE EN INKOMSTES UIT LEDEKENNISGEWINGS** | 47 639 661 | 47 131 867 |
| **RENTE** | 21 316 998 | 16 140 078 |
| RENTE INKOMSTE | 22 616 448 | 16 964 327 |
| RENTE UITGAWES | (1 299 450) | (824 249) |
| **ANDER INKOMSTE** | 3 685 467 | 3 413 204 |
| **BRUTO INKOMSTE** | 72 642 126 | 66 685 149 |
| **MIN: ADMINISTRATIEWE- EN ALGEMENE UITGAWES** | 25 641 417 | 24 172 826 |
| Personeelkostes | 17 878 690 | 17 349 338 |
| Professionele fooie | 310 022 | 300 593 |
| Ander uitgawes | 5 279 689 | 4 662 542 |
| Onverhaalbare skulde | 500 142 | 295 328 |
| Ouditeursvergoeding | 282 906 | 269 200 |
| Raad van Direkteure | 1 175 799 | 1 104 030 |
| Depresiasie | 218 500 | 223 873 |
| Verhoging/(verlaging) in voorsiening vir twyfelagtige skuld | (4 331) | (32 078) |
| **Netto wins voor inkomstebelasting** | 47 000 709 | 42 512 323 |
| Inkomstebelasting | (118 810) | (143 747) |
| **Netto wins na inkomstebelasting** | 46 881 899 | 42 368 576 |
| Onverdeelde wins aan die begin van die jaar | 42 368 480 | 44 687 043 |
| **Wins aangewend soos goedgekeur op die ledevergadering** | 42 368 480 | 44 687 043 |
| Bonusse | 40 551 095 | 43 381 256 |
| Oorgeplaas na ledebelangefonds | 1 817 385 | 1 305 787 |
| Bonusse oor/(onder)voorsien vorige jaar | (770) | (96) |
| Behoue verdienste oorgedra na algemene reserwe | - | - |
| **Onverdeelde wins aan die einde van die jaar** | **46 881 129** | **42 368 480** |

## PRETORIUM TRUST (KOöPERATIEF) BEPERK
## STAAT VAN KONTANTVLOEI
## VIR DIE JAAR GEëINDIG 15 SEPTEMBER 2023

| | 2023<br>R | 2022<br>R |
|---|---|---|
| **KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE** | 8 325 738 | 3 339 936 |
| **Kontant deur bedrywighede voortgebring** | 25 662 740 | 26 564 040 |
| Bedryfsinkomste voor belasting | 47 000 709 | 42 512 323 |
| Aansuiwering vir nie-kontantvloei items: | | |
| - Verhoging /(verlaging) in voorsiening vir twyfelagtige skuld | (4 330) | (32 078) |
| - Verhoging/ (verlaging) in voorsiening vir aftreevoordeelverpligting | (235 141) | - |
| - Depresiasie | 218 500 | 223 873 |
| - Netto beleggingsinkomste | (21 316 998) | (16 140 078) |
| Netto beleggingsinkomste | 21 316 998 | 16 140 078 |
| Kontant aangewend om netto bedryfskapitaal te (verhoog)/verlaag | 3 908 707 | 5 261 151 |
| **Kontant deur bedryfsaktiwiteite voortgebring** | 50 888 445 | 47 965 269 |
| Inkomstebelasting betaal | (193 457) | 61 806 |
| **Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite** | 50 694 988 | 48 027 075 |
| Bonusse uitbetaal | (42 369 250) | (44 687 139) |
| **KONTANT BENUT IN BELEGGINGSAKTIWITEITE** | (4 080 497) | (17 268 034) |
| Toename in vaste bates | (162 190) | (178 575) |
| Afname /(Toename) in verbandlenings | 119 359 | 162 958 |
| Afname /(Toename) in afbetalingsverkoopooreenkomste | (3 168 844) | (16 234 436) |
| Afname/(Toename) in lenings aan lede | (868 822) | (1 017 981) |
| **KONTANTGEVOLGE VAN FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | (118 808) | (1 005 184) |
| (Afname)/Toename in lidmaatskapfonds | (1 352) | (2 113) |
| Toename/(Afname) in vooruitbetalingsfonds | 233 043 | 478 187 |
| Toename/(Afname) in lenings van lede | (25 966) | (1 012 693) |
| Toename/(Terugbetaling) van ledebelangefonds | (324 533) | (468 565) |
| Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente | 4 126 433 | (14 933 282) |
| Kontant en kontantekwivalente -begin van die jaar | 176 748 041 | 191 681 323 |
| **Kontant en kontantekwivalente - einde van die jaar** | **180 874 474** | **176 748 041** |